

# BELASTINGSTATISTIEKE 2018

**Pretoria, 20 Desember 2018** - Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het die 11de jaarlikse uitgawe van die belastingstatistieke vrygestel.

Die 2018 uitgawe verskaf 'n oorsig van belastinginkomste-invorderings en belastingopgawe-inligting vir die 2014- tot 2017-belastingjare, asook die 2013/14 tot 2017/18 fiskale jare.

In 2017/18, vir die eerste keer sedert die 2008 wêreldwye finansiële krisis, het belastinginkomstegroei nie BBP-groei oorskry nie. Hoofpunte in die 2018-uitgawe is:

- Belastinginkomste ingevorder het R1 216.5 miljard behaal, wat 'n jaar-op-jaar groei van R72.4 miljard (6.3%) is, hoofsaaklik gesteun deur persoonlike inkomstebelasting, wat met R37 miljard (8.7%) gegroei het:
  - Ppersoonlike inkomstebelasting (PIB) teen 38.1%, maatskappye inkomstebelasting (MIB) teen 18.1% en belasting op toegevoegde waarde (BTW) teen 24.5% in totaal, bly die grootste bronne van belastinginkomste en verteenwoordig nagenoeg 80.7% van totale belastinginkomste-invorderings.
  - Ten spyte van swaar ekonomiese toestande, waaronder werklike en nominale BBP tot 'n skamele 1.3% en 7.0% afsonderlik gestyg het, het die belasting-tot-BBP verhouding effens gedaal van 25.9% in 2016/17 tot 25.8% in 2017/18.
- In hoofstuk 2: PIB, het geografiese en demografiese ontleding van die aanslae van belastingpligtiges, wat teen einde Junie 2018 aangeslaan is, interessante resultate opgelewer:
  - 2 678 743 (54.7%) van aangeslane belastingpligtiges was manlike belastingpligtiges; 2 219 822 (45.3%) was vroulik.
  - 1 331 419 (27.2%) van aangeslane belastingpligtiges se ouderdomme het gewissel van 35 tot 44 jaar; en
  - 1 966 744 (40.1%) van aangeslane belastingpligtiges was in Gauteng geregistreer, waarvan 629 113 in die Johannesburgse metro woonagtig was en op 'n gemiddelde belasbare inkomste van R446 838 belas is;
- Statistieke in hoofstuk 3, aangaande MIB, toon dat net meer as 24.2% van die 768 687 maatskappye wat teen 30 Junie 2018 aangeslaan was vir die 2016 belastingjaar, 'n positiewe belasbare inkomste gehad het. 'n Verdere 48.3% het belasbare inkomste gelykstaande aan nul gehad en die oorblywende 27.5% het 'n aangeslane verlies getoon;
- Netto BTW-invorderings was in totaal R298 miljard, met 'n groei van R8.8 miljard (3.1%) vergeleke die vorige jaar. Binnelandse BTW, wat in totaal R336.3 miljard was en met R14.8 miljard (4.6%) gestyg het, was die hoofdrywer vir die totale groei in netto BTW. Invoer-BTW-invorderings was in totaal R152.8 miljard, wat 'n jaar-op-jaar groei van R3.5 miljard (2.4%) is. BTW-terugbetalings was in totaal R191.1 miljard en het met R9.5 miljard (5.2%) gegroei.
- Hoofstuk 4 dui aan dat 76% van aktiewe BTW-ondernemers in 2017/18 maatskappye of beslote korporasies was. Hulle het 92.0% tot binnelandse BTW-betalings bygedra en het 89.8% van BTW-terugbetalings uitgemaak. Alhoewel individue (alleeneienaars) 18.4% van BTW-ondernemers uitgemaak het, het hulle 3.1% van binnelandse BTW-betalings uitgemaak en 1.5% van BTW-terugbetalings ontvang.
- Nadat 'n afneem in invorderings in 2016/17 ervaar is, het invoer-BTW en doeaneheffings in 2017/18 ietwat herstel, soos uiteengesit in hoofstuk 5. Hulle het 12.6% en 4.0% van die jaar se totale belastinginkomste afsonderlik uitgemaak, wat 'n in totaal 16.6% was, wat onder die 18.3% gemiddeld van die voorafgaande vyf jaar is. Die aandeel van hierdie belasting tot die BBP het ook gekrimp tot 4.2% vanaf die voorafgaande vyf jaar se gemiddeld van 4.6%, met invoer-BTW wat 3.2% en doeaneheffings wat 1.0% vir 2017/18 uitgemaak het.
  - Invoer-BTW van die top drie bydraende ekonomiese sektore, het 88.0% van die totaal uitgemaak, naamlik die groot- en kleinhandel, spysenierings- en akkommodasie-sektor (tersiër) teen 39.6%, gevolg deur vervaardiging (sekondêr) teen 30.2% en finansiële bemiddeling-, versekering-, eiendom- en sake-dienste (tersiër) teen 18.1%.
  - Die algehele effektiewe doeane-heffingskoers in 2017/18 was 3.2% vergeleke die vorige jaar se 3.0%. Hoofkommoditeite met die hoogste effektiewe heffingskoerse was skoeisel en bybehore teen 22.9%; dierevelle en leer teen 18.0%; tekstiel en klerasie teen 16.0%; voedsel, drinkgoed en tabak teen 11.8%, asook voertuie, vliegtuie en vaartuie teen 8.2%.
- Ten slotte, verskaf hoofstuk 6: ander belasting en invorderings, inligting oor belasting soos kapitaalwinstbelasting (KWB), hereregte, minerale- en petroleumhulpbronne-tantième (MPRR), Suider-Afrikaanse Doeane Unie (SACU) betalings en dieselterugbetalings. In 2017/18, is KWB van R17.6 miljard ingevorder waarvan R10 miljard aan individue en trusts toeskryfbaar was en R7.6 miljard aan maatskappye. Dit toon 'n skrale styging van R0.6 miljard (3.3%) van die R17.1 miljard wat in 2016/17 ingevorder is. 'n Totaal van R124.8 miljard is sedert die inwerkingstelling van KWB in Oktober 2001 ingevorder.

Die 2018 belastingstatistieke-dokumente is beskikbaar op die SARS- en Nasionale Tesourie-webtuistes by [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za) en [www.treasury.gov.za](http://www.treasury.gov.za) onderskeidelik.

SARS en Nasionale Tesourie verwelkom die publiek se kommentaar en voorstelle, sodat ons voortdurend die vrystelling se bruikbaarheid ten opsigte van beleid-evaluering kan verbeter, en nuwe insigte kan ontwikkel na Suid-Afrika se sosiale en ekonomiese konteks. Dit kan per e-pos gestuur word aan [taxstatistics@sars.gov.za](mailto:taxstatistics@sars.gov.za).